

13 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 139
Fokusgedeelte: Psalm 139:17

In verwondering oor God

Wanneer laas het u tyd gemaak om u oor God te verwonder? Om met blink oë en groot oë na die Here te kyk en te bely: “Die Here is wonderlik!” Die digter van Psalm 139 verwonder hom oor die Here se persoonlike betrokkenheid by hom as mens. Die Here weet alles. Die Here is orals. Die Here is betrokke by sy skepping. Dit vervul die digter met verwondering: “Hoe wonderlik is U gedagtes vir my, o God ...!”

Ons moet ons hieroor verwonder. Die Here ken ons deur en deur. Hy ken selfs ons gedagtes nog voordat hulle by ons opkom. Hy omsluit ons van alle kante. Hy is nader aan ons as die klere aan ons lyf. Hy omring ons. Die Here is oral. Waarheen sou ek vlug om aan sy teenwoordigheid te ontkom? Na die hemel of in die doderyk? Na die ooste of die weste? Sou die donker my kon wegsteek? Nee – die Here is orals. Buitendien is Hy by my betrokke van voor my geboorte af. Hy het my aanmekaar geweef diep in die moederskoot en my lewensdae was in sy boek opgeteken nog voordat ek gebore is.

Hieroor sal ek my verwonder! Hieroor sal ek op my knieë val en bid tot die Here, Hy wat my ken en oral is en my geskep het: “Deurgrond my, o God ... kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!”

Sing: Psalm 8:3-5

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)